**Vrydag 15 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:1-10; HK Sondag 3, Antwoord 7**
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:4**

## Die oorsprong van die sonde

Adam en Eva word in Genesis 3 aangedui as die eerste mense wat gesondig het. Daarmee het hulle hul hele nageslag tot sondaars gemaak op wie die oordeel van God rus. Waar kom die sonde egter oorspronklik vandaan?

Volgens die Skrif het die sonde sy oorsprong by die engele. Daar word gepraat van engele wat hulle nie binne hulle magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het. God het hulle toe in die hel ge-stort, en hulle wag nou op die oordeelsdag om finaal deur Hom gestraf te word (2 Pet. 2:4; Jud:6). Dit moet gesien word as ’n verwysing na Satan en sy volgelinge wat teen God in opstand gekom het. Die duiwel was waarskyn-lik ’n hoofengel wat ’n deel van die engele opgesweep het om hom te volg in sy opstand teen God. In Openbaring 12:4 word gesê dat die draak (Satan) ’n derde van die sterre meegesleep het. Dit dui daarop dat ’n derde van die engelemag Satan gevolg het in sy opstand teen God en so self duiwels geword het.

In 1 Timoteus 3:6 word gepraat van iemand wat verwaand kan word en in dieselfde oordeel as die duiwel val. Daaruit word afgelei dat Satan en sy volgelinge verwaand en hoogmoedig geword het en hulle toe teen God verhef het.

Een van die bekendste kenmerke van Satan is dat hy ’n leuenaar is. Die Here Jesus sê immers van hom: *“Hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuens praat, is dit volgens sy aard, want hy is ’n leuenaar en die vader daarvan”* (Joh. 8:44). Satan het die groot teëstander van God geword (Job 1:2; Sag. 3:12). Daarom was dit sy doel om God se pragtige skeppingswerk te verwoes deur die sonde daarin in te dra. Dit het hy ook gedoen deur die mens met sy leuens tot sonde te verlei.

Satan is aanvanklik nog in die hemel toegelaat (Job 1:2). Met Christus se kruisiging en opstanding uit die dood is hy oorwin en met Christus se hemelvaart is hy uit die hemel uitgegooi (Op. 12:8, 9) en kan hy nie meer daar verskyn nie. Uiteindelik sal God wat vrede gee, Satan onder die voete van die gelowiges verpletter (Rom. 16:20). Hy en sy aanhangers sal vir ewig in die poel van vuur gegooi word (Op. 20:10).